Loof die Here, al wat lewe 203



2
Loof Hom wat in groot genade
ons deur eeue heen behou;
loof Hom vir sy reddingsdade –
vas kan ons op Hom vertrou.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Hy's genadig en getrou.

3
Soos 'n vader sorg vir kinders,
sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
en berei 'n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

4
Mense, soos die veld se blomme,
bloei maar vir 'n korte tyd;
ewig oor ons kleine kommer
waak Gods goedertierenheid:
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom –
ewige geregtigheid.

5
Loof die Here, maan en sterre,
waar jul in die wydtes kring.
Loof Hom, engele en mense,
almal wat sy wil volbring!
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom –
o my siel, bly Hom besing!

PSALM 103

Teks: *Praise, my soul, the King of heaven* - Henry Lyte 1834; Attie van der Colf 1978 ©
Melodie: LAUDA ANIMA - John Goss 1869
Alternatiewe harmonisasie: Liedboek 2001 - Lied 203